www.PapaCambridge.com

Cambridge International AS Level

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International Advanced Subsidiary Level

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** | **8779/02**

Paper 2 Reading and Writing | **October/November 2014**

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

*4418840015*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ’n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

DC (NF) 100253
© UCLES 2014

CAMBRIDGE International Examinations

www.PapaCambridge.com

## Afdeling 1

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae.

**Slim, sterk, mooi... of wys.**

Wat bepaal menswees? Is diegene soos dokters, advokate, biochemici en al die ander baie intelligentes beter mense of gelukkiger mense as ons normale sterflinge wat met minder verstand geseënd is?

Daar is natuurlik die Intelligensie Kwosiënt-toets om intelligensie mee te meet, maar is dit regtig die maatstaf vir ’n waardevolle en suksesvolle lewe? Moet jy net na jou intellektuele vermoëns kyk om jou waarde as mens te bepaal? Kritici bevraagteken hierdie toets al vir jare lank, veral omdat wat as intelligent gesien word in ’n tweejarige baba nie eenders is as in ’n 15-jarige kind of 40-jarige grootmens nie. En ’n hoë IK kan jou natuurlik nie eendag ’n werk of sukses waarborg nie.

Die IK-toets het populariteit verwerf in die vroeë twintigste eeu, maar intussen het sport en skoonheid ook uiters belangrike maatstawwe van sukses geword. Sportmanne en modelle verdien vandag dikwels meer as die super-intelligentes. As gevolg van die bekendheid van sulke mense word ons deur die media geleer dat roem en geld al is wat geluk kan bring.

As iemand nou nie baie slim, mooi of sportief is nie, is hy of sy nou minder mens? Nee! Jy kan menswees tog nie reduseer tot hoe simmetries jou neus is of hoe goed jy ’n bal kan vang nie. En dus ook nie tot ’n syfer op papier nie.

Navorsing bewys dat die super-suksesvolles en -slimmes nie noodwendig die gelukkigste mense is nie. Ons moet daarom stry teen ’n eensydige opvoedingstelsel wat intelligensie aan IK meet. Die IK-toets, en wat dit oor menswees impliseer, is verouderd en nie meer van toepassing in die komplekse hedendaagse lewe nie.

Dit is wel waar dat goeie kennis van wiskunde, die natuur- en handelswetenskappe, geskiedenis, tale, en rekenaarwetenskap definitief benodig word as jy as volwassene in die wêreld buite die klaskamer wil oorleef. ’n Gesonde waardestelsel is egter steeds belangrik. ’n Vermoë om te onderskei tussen goed en kwaad is ’n noodsaaklike deel van opvoeding.

Dít maak die verskil tussen *slim* wees en *wys* wees. Maak somme, speel sport, glimlag vir die kameras as jy wil – maar oefen jou in die wysheid ook, want dit bring ware geluk aan ware mense. En geluk kan deur geen IK-toets gemeet word nie.

**1** Vind die woord in **die eerste twee paragrawe** van die teks wat ooreenstem met die volgende definisies:

***Voorbeeld***
***Vraag:*** stel vas
***Antwoord:*** bepaal

**(a)** regsgeleerdes [1]

**(b)** gewone [1]

**(c)** nie so baie nie [1]

**(d)** kriterium [1]

© UCLES 2014

www.PapaCambridge.com

(e) dieselfde [1]

[T...]

2 Herskryf die volgende sinne sonder om die betekenis van die oorspronklike sin te verander. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

***Voorbeeld***
***Vraag:*** Geluk kan deur geen toets gemeet word nie. (Geen toets...)
***Antwoord:*** Geen toets kan geluk meet nie.

**(a)** Dokters en advokate is gelukkiger as ons. (Ons is...) [1]

**(b)** Kritici bevraagteken hierdie toets al vir jare lank. (Vir jare lank...) [1]

**(c)** 'n Hoë IK kan jou nie 'n werk waarborg nie. ('n Werk...) [1]

**(d)** Die toets het populêr geword in die twintigste eeu. (In die...) [1]

**(e)** Sportmanne kan baie geld verdien, maar dit maak hulle nie noodwendig gelukkige mense nie. (Sportmanne is nie noodwendig...) [1]

[Totaal: 5]

3 Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, maar **moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie**.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20)*

**(a)** Verduidelik hoekom kritici twyfel oor die nut van die IK-toets. (paragraaf 2) [1]

**(b)** Bespreek die ander populêre maatstawwe van sukses wat net so belangrik soos die IK- toets geword het. (paragraaf 3) [2]

**(c)** Verduidelik die rol van die media met betrekking tot ons hedendaagse begrip van geluk. (paragraaf 3) [2]

**(d)** "Jy kan menswees tog nie reduseer tot hoe simmetries jou neus is of hoe goed jy 'n bal kan vang nie." (reël 14-15) Wat bedoel die skrywer hiermee? [2]

**(e)** Waarom is dit volgens die skrywer steeds belangrik om sekere vakke op skool te neem? (paragraaf 6) [1]

**(f)** Verduidelik die onderskeid wat die skrywer maak tussen "slim wees" en "wys wees" in die laaste paragraaf. [2]

**(g)** Is die skrywer ten gunste van IK-toetse, of is hy daarteen? Verduidelik hoekom jy so dink deur te verwys na vier argumente in die teks. [5]

[Totaal: 20]

© UCLES 2014

www.PapaCambridge.com

## Afdeling 2

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae.

### Die wenresep vir ’n gelukkige tiener

Ons tieners lei ’n stresvolle lewe. In ons oumagrootjie se tyd was tienerwees minder oor akademiese prestasie en meer oor oorlewing in ’n praktiese wêreld. Ja, hulle moes dalk hard werk op die plaas of in die winkel ná skool, maar ten minste was die konstante druk om die beste resultate in al die vakke onder die son te behaal nie ’n faktor in hulle lewens nie. Ouers en onderwysers het sulke groot verwagtinge! Geen wonder dat soveel van vandag se jongmense soms moedeloos of selfs depressief raak nie.

Martie de Villiers, ’n dokter wat in tienergesondheid spesialiseer, sê dat ons tieners goed gewapen is met een van die beste skilde teen depressie. Hierdie geheime skild word “visualisering” genoem. Ons tieners se liggame is beter toegerus om spanning te verlig as volwassenes en jong kinders omdat ons by ons verbeelding kan inskakel. Ons kan onsself “gelukkig” índink!

De Villiers stel voor dat tieners hulle eie finansies behartig. Jy het kennis en kreatiwiteit nodig om te weet hoe om jou sakgeld verstandig te gebruik. Mense wat in beheer is van hulle geld is geneig om gelukkiger te wees.

Sy noem verder dat dit bewys is dat fisiese oefening endorfiene in ons liggaam produseer. Hierdie hormone dra by tot ’n gevoel van geluk. Fiksheid en ’n goeie liggaamsbou gee jou selfvertroue en saam met die positiewe energie wat endorfiene meebring, sal ons jongklomp outomaties ’n gelukkiger lewensuitkyk geniet.

Laastens is dit belangrik om bande te verstewig met ander mense in jou gemeenskap. Navorsers het bevind dat tieners vanuit Mexiko en Indië, ten spyte van daaglikse stres, gelukkiger is wanneer hulle ’n sterk gevoel van kulturele identiteit het. Wees ook openhartig met jou familie – mense wat voel hulle kan andere vertrou, is gelukkiger as dié wat dinge wegsteek.

Dus, visualiseer hoe jy gaan voel as jy jou doel bereik het, eerder as om jou te bekommer of jy iemand anders teleur gaan stel. Dit is jóú geluk wat tel. En as jy soos ’n mal haas in die pad af wil hardloop om van jou probleme te vergeet, gaan hardloop asseblief! Of blêr jou musiek deur die huis selfs al kla jou ma. Jy kan haar vertel dit word mos deur die dokter voorgeskryf!

© UCLES 2014

www.PapaCambridge.com

**4** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, maar **m**[illegible]**e direk uit die teks oorskryf nie**.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20)*

**(a)** Hoe verskil die hedendaagse tiener se lewe van dié van sy of haar voorouers volgens die eerste paragraaf? [2]

**(b)** Identifiseer die beeldspraak wat gebruik word deur dr. de Villiers in paragraaf 2 en verduidelik hoekom dit van toepassing is in hierdie artikel. [2]

**(c)** Verduidelik dr. de Villiers se stelling dat dit voordelig is vir tieners om beheer te hê oor hulle inkomste. (paragraaf 3) [3]

**(d)** Som op wat die verband is tussen fisiese oefening en "'n gelukkiger lewensuitkyk". (paragraaf 4) [2]

**(e)** Hoekom is kommunikasie belangrik, volgens paragraaf 5? [1]

**(f)** **(i)** Identifiseer die vergelyking in paragraaf 6. [1]

**(ii)** Omskryf die sin waarin dit voorkom in jou eie woorde sodat die betekenis van die vergelyking duidelik word. [1]

**(g)** Verduidelik die betekenis van die woord "wenresep" in die titel van hierdie stuk en beskryf dan hoekom dit gepas is binne die konteks van die artikel. [3]

[Totaal: 20]

**5** **(a)** Beide skrywers bespreek die onderwerp "geluk", maar benader dit op verskillende maniere. Bespreek **vyf** verskille tussen die twee tekste in hierdie opsig. Identifiseer en bespreek elke verskil kortliks. Skryf ongeveer **100 woorde**. [10]

**(b)** Dink jy vandag se tieners in Namibië en/of Suid-Afrika lei 'n baie stresvolle lewe? Motiveer jou antwoord in ongeveer **50 woorde**. [5]

[Taalgebruik: 5]

[Totaal: 20]

© UCLES 2014

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

© UCLES 2014

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

© UCLES 2014

**BLANK PAGE**

*Copyright Acknowledgements:*

Afdeling 1 Adapted from; © www.rooirose.co.za
Afdeling 2 Adapted from; © www.pietventer.com
© www.maintainingbalancehappylife.blogspot.com

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES)

© UCLES 2014

www.PapaCambridge.com